JOHAN JORDAAN AANGEWYS AS DINERS CLUB SE 2011 WYNMAKER VAN DIE JAAR

Johan Jordaan, sedert 2007 senior wynmaker van Spier-Wyne, is aangewys as Diners Club se Wynmaker van die Jaar van 2011. Dit is Saterdagaand (26 November) by ŉ glansgeleentheid in die Paarl bekend gemaak. Diners Club se Jong Wynmaker van die Jaar is Matthew van Heerden van Uva Mira-Wingerde.

Dit was die 31ste keer dat die Wynmaker van die Jaar-toekenning, een van die mees gesogte toekennings in die plaaslike wynbedryf, gemaak is en die elfde keer in die geval van die Jong Wynmaker-kompetisie.

Inskrywings word elke jaar in ŉ ander wynkategorie beoordeel. Vanjaar was die kategorie vir die Wynmaker van die Jaar rooi versnitwyne in die Bordeaux-styl en in die geval van die Jong Wynmaker van die Jaar, droë wit wyne.

Jordaan het die toekenning ontvang vir sy 2009 Spier Creative Block 5, gemaak van die vyf klassieke kultivars wat vir ŉ Bordeaux-versnit gebruik word. Syne is gekies uit 110 inskrywings, van die meeste wat nog vir die kompetisie ontvang is. Benewens ŉ trofee ontvang hy ŉ retoerkaartjie na enige wynproduserende land ter wêreld asook ŉ reistoelaag van R50 000.

Matthew van Heerden het die titel van Jong Wynmaker van die Jaar gewen met sy 2009 Uva Mira Chardonnay, ŉ enkelwingerdwyn waarvan 50% vir elf maande in Franse eikevate verouder is. Sy inskrywing, wat uit ŉ totaal van 64 gekies is, het hom benewens ŉ trofee ook ŉ kontantprys van R25 000 besorg.

Dave Hughes, die voorsitter van die paneel van beoordelaars, het die hoogste lof gehad vir die gehalte van die inskrywings en gesê Suid-Afrikaanse wynmakers het weer eens bevestig dat hulle van wêreldstandaard is. “Die twee bekroonde wyne in vanjaar se kompetisie is albei van die allerhoogste gehalte. Die feit dat albei van die 2009-oesjaar is, bevestig net weer die uitsonderlike gehalte wat daardie jaar gekenmerk het – dit was waarskynlik ons beste oesjaar van die afgelope anderhalf-dekade.”

Diners Club se besturende direkteur, mnr Ebrahim Matthews, het gesê die groeiende getal inskrywings bevestig die mate waartoe die kompetisie die toetssteen van gehalte vir die plaaslike wynbedryf geword het. “Die aansien daarvan het gegroei oor ŉ tydperk van meer as drie dekades waartydens van Suid-Afrika se voorste wynmakers luister daaraan verleen het.”

Volgens die beoordelaars het die vyf kultivars in die Creative Block 5 wat Johan Jordaan die titel besorg het - cabernet sauvignon, merlot, petit verdot, cabernet franc en malbec - saam “ŉ wonderlike balans van vrug, tannines en alkohol bereik”.

Matthew van Heerden, wat tans ook as voorsitter van die SA Chardonnayforum dien en erken hy is ŉ groot bewonderaar van hierdie kultivar, het gesê hy het in sy bekroonde wyn daarna gestreef om die uiterste vrugsuiwerheid te bereik en om ŉ wyn te maak wat duidelik van sy plek van herkoms spreek.

Benewens Dave Hughes was die ander lede van die paneel Vincent Lignac, ŉ wynmaker van die sesde geslag van St Émilion en vanjaar se internasionale beoordelaar; wynskrywer en wynbeoordelaar Neil Pendock; Carrie Adams, wynbeoordelaar en spesialis-drankhandelaar; Margaret Fry, Kaapse Wynmeester; Colin Frith, wynbeoordelaar en ere-Kaapse Wynmeester, en Ntsiki Biyela, wynmaker van die Stellakaya-wynmakery.

UITGEREIK DEUR DKC (De Kock Kommunikasie)
NAMENS Diners Club Suid-Afrika
DATUM UITGEREIK 26 November 2011
NAVRAE Jane Ledger, Diners Club se streekbestuurder: Wes-Kaap, 021 795 5400, winemaker@dinersclub.co.za
Linda Christensen, DKC, 021 873 2199, linda@dkc.co.za

AGTERGRONDSINLIGTING OOR DIE WENNERS

Johan Jordaan, Diners Club se Wynmaker van die Jaar

Johan het vir die Slanghoek-wynmakery in die Breedekloof gewerk voor hy wyn- en wingerdboukunde aan die Elsenburg-landboukollege, soos dit destyds geheet het, gaan studeer het. Na hy sy studies in 2002 voltooi het, is hy as assistent-wynmaker by Slanghoek aangestel. Hy is die geleentheid gegee om oorsee te reis en het ondervinding gaan opdoen by Hughes de Beauvignac in die Languedoc en later in die Napa-vallei in Kalifornië en die Barossa-vallei in Suid-Australië. Terug in Suid-Afrika het hy wingerdboukundige en wynmaker van Slanghoek geword voor hy in 2007 as senior wynmaker by Spier aangestel is. Hier vervul hy die dubbele rol van wynmaker en kelderbestuurder. In laasgenoemde rol is hy ook verantwoordelik vir die bestuur van die gehaltebeheerstelsels.

Matthew van Heerden, Diners Club se Jong Wynmaker van die Jaar

Matthew het in 2001 die graad B Agric in wyn- en wingerdboukunde behaal aan die Elsenburg-Landboukollege, soos dit toe bekend gestaan het. In dieselfde jaar is hy aangestel as wynmaker en wingerdboukundige van Iona Vineyards in Elgin. Twee jaar later, in 2003, het hy die wingerdboukundige, wynmaker en besturende direkteur geword van die boetiekwynmakery Uva Mira teen die hange van die Helderberg by Somerset-Wes. Die wingerde op die plaas lê van 420 m tot 620 m bo seespieël en is ideaal geskik vir koelklimaat-kultivars. Sy voorkeur-kultivar is chardonnay en hy is tans ook die voorsitter van die SA Chardonnayforum. Matthew plaas ’n baie sterk klem op wingerdboukunde om te verseker ’n wingerd produseer uitsonderlike druiwe vir die maak van uitsonderlike wyne. Onder sy leiding het Uva Mira ’n voorste plek begin inneem as ’n produsent van gehaltewyne.